

## VAN STAMVERWANTE BODEM

In sy bydrae *Uit de gesiedenis van het geldwezen in Suriname*, soos gepubliseer in *Schakels* (Den Haag, S.49), vestig drs. C. de Jong die aandag op vier periodes in die gesiedenis van die Surinaamse geldweese. Waar Suriname, ook bekend as Nederlands Guiana, net soos die Kaap, 'n deel van die voormalige Nederlandse koloniale ryk was, is hierdie mededelings ongetwyfeld ook vir ons van waarde. Drs. de Jong onderskei allereers die tydperk van die sg. suikergeld (1667-1761). Skaarste aan gemunte geld, het die invoering van ander betaalmiddels — allereers die vernaamste uitvoerprodukt — suiker — in die hand gewerk. Aanvanklik is die waarde van 'n pond suiker op twee stuiwers, later op een stuiwer, vasgestel. Omstreeks 1750 het suiker as betaalmiddel in onbruik geraak en is alleen in guldens, skellings en stuiwers gereken. Goewerneur Johan Heinsius (1678-1680) het die skaarste aan kleingeld probeer verlig deur koperpenninge, die papagaai-pennings, te laat maak. Hierdie penninge is só genoem omdat 'n papagaai op 'n boontak daarop afgebeeld was. Verder is die betaalkrag deur die syfers 1, 2 of 4 aangedui wat gelyk gestaan het aan ooreenkomstige ponde suiker. Eersgenoemde penning het een blaar aan die tak gedra, lg. vier blare. Van 1761 tot 1828 was papiergeld, die sg. kaartgeld, in omloop. Dié benaming is ontleen aan die feit dat speelkaarte as muntpapier gebruik is. In 1826 is besluit om Nederlandse munte in Suriname gangbaar te verklaar en twee jaar later was die intrekking van die kaartgeld, 'n voldonge feit. In 1860 is 'n nuwe muntverordening afgekondig waardeur die Nederlandse munte deur Surinaamse vervang is. Hulle word in Nederland deur die Munt (Utrecht) gemunt.

Van die bekende Duitse skrywer prof. Rolf Italiaander het by die uitgewery *Musterschmidt* (Göttingen, Berlyn, Frankfurt) die belangrike werk *Die Herausforderung des Islam* (pp. 281) verskyn waarvan ons, suiwer geskiedkundig gesien, allereers die bydraes *Muhammads Leben und Ideen* (prof. dr. H. Monés, Madrid) en *Mekka in Vergangenheit und Gegenwart* (dr. Zaher Riad, Kairo) noem. Vir ons is veral van belang die bydrae van prof. dr. J. C. Froelich *Der Islam in Afrika südlich der Sahara*, 'n bydrae waaruit duidelik, net soos uit prof. dr. Abdurrahman Badawi se insiggewende *Der Islam in Ägypten während der letzten hundert Jahre*, blyk watter sterk posisie die verjongde Islam in ons wêrelddeel inneem. Dit kom ook oorduidelik uit in bydraes wat oor die Islam in Pakistan, Indië, Indonesië, China, Rusland, Suid-Amerika, die Swart Moslems in die V.S.A. en die toename van die Mohammedane in Europa handel. H. Bammate rond die belangrike werk af met 'n bydrae waarin die aandeel van die Islam in die wêreldkultuur geskets word. Hierdie publikasie is vir ons van belang wanneer daar slegs vermeld word dat van elke tien nie-blanke in Afrika wat hul bygelowe laat staan het, sewe tot die Mohammedanisme en drie tot verskillende vorms van die Christendom oorgaan!

In die tydskrif *Auslands-Kurier* (jg. 6, April 1965) is o.m. vermeld dat binne die raamwerk van die kulturele samewerking tussen die Republiek en die Duitse Bondsrepubliek in 1963-1964 ongeveer 200 byeenkomste in verband met Suid-Afrika en Suidwes in Wes-Duitsland gehou is, terwyl o.m. 12 Duitse wetenskaplike en 160 Duitse onderwysers en 'n groep studente ons land besoek het.

In *Neerlandia* (April 1964) is melding gemaak van die heengaan van die bekende Vlaamse sanger-komponis *Emiel Hullebroeck* (1878-1964) wat jare gelede 'n besoek aan ons land gebring en ons liedereskat ook verryk het. Deur sy heengaan het die Vlaamse volkslied sy felste verdediger verloor, aldus *Neerlandia*.

Wanneer die literatuuropgawe in dr. F. G. van der Poll se *Benito Mussolini. Portret contra zelfportret* (J. B. Wolters, Groningen, 1964, 309 bl.) nagegaan word, dan

beslaan dit reeds meer as drie bladsye. Persoonlik het ons slegs kennis gemaak met die bekende dagboek van *Ciano, P. Saporiti* se werk in die vertaalde vorm bekend as *Het lege balkon* en *R. Wichterich* se *Mussolini, Aufstieg, Grösse und Niedergang* (Stuttgart, 1952), waarvan Saporiti se werk alleen 'n tydbeeld en 'n voorlopige oordeel uitspreek, Ciano krities teenoor sy skoonvader staan en Wichterlich die diktator geweeë en te lig bevind het. Van der Poll het in sy voortreflike werk op 'n wetenskaplik verantwoorde wyse nagegaan hoe Mussolini homself voorgedoen het, m.a.w. hoe hy self bewus aan sy mitevorming meegewerk het en hoe en wat hy in werklikheid was. Wat veral insiggewend is, is op watter wyse Mussolini se oudste biograwe en hyself hom eensydig, verheerlikend beskryf het, hoe Mussolini\* homself herhaalde male teen-gesprek en hoe hy, aan die einde van die diktatoriale loopbaan (hoofstuk VI), apologeties opgetree het. Die ontleding van sy gesprekke met Emil Ludwig is skerp (bl. 112 e.v.). Van besondere belang is o.i. die houding wat Mussolini teenoor die Katolieke Kerk en die anti-semitisme ingeneem het, terwyl sy reeds genoemde doelbewuste strewe na sy eie mitevorming en die neiging van neofascistiese skrywers om sy doen en late in 'n gunstiger lig te stel ('n uitvloeisel daarvan is o.m. R. MacGregor Hastie se werk *The day of the lion*) die kritiese leser sal verhinder om 'n verwronge, nie-waarheidsgetroue beeld te verkry van die leier wat, volgens Van der Poll, sy totalitêre stelsel sonder regstreekse invloed van Hitler, maar ooreenkomstig sy eie karaktertrekke ontwikkel het. En aangesien, ons haal Van der Poll aan, Mussolini in alle opsigte kleinburgerlik was, was hy nie by magte om die gevolge van sy optrede te voorsien nie. Bygevolg het die totalitêre trekke van sy bewind, nie ten volle ontwikkel nie.

Ons wil graag die aandag van kunsliefhebbers vestig op die uitgawe *Denkmäler bayerischer Kultur* (Bayerland, München, jg. 67, 2/3 Febr.-Maart 1965) waarin belang-rike besonderhede aangaande die bewaring van historiese en kunsmonumente beskryf is en waarin Klaus Schwarz die samehang tussen argeologie en argitektuur in verband met monumentesorg beskryf (bl. 91 e.v.).

Ten slotte vestig ons die aandag op die driemaandelikse kulturele tydskrif *Ons Erfdeel* [redaksie-adres: Jozef Deleu, Huize Oranje, Menensestraat 67, Rekkem (W.V1), België], met as Suid-Afrikaanse lede van die ere-redaksie *prof. dr. Abel Coetzee, W. A. de Klerk* en *prof. dr. D. J. Opperman*. In jg. 8, nr. 2 verskyn *Paul Marten* se bydrae *De vastlegging van de taalgrens tussen Franse en Nederlandse kultuurgebied in België* (bl. 23-43), in jg. 8, nr. 1 behandel *L. Verbeke* die taalstryd en die Vlaamse beweging in Frans-Vlaandere. Ons wil hierdie puik tydskrif graag sterk aanbeveel.

Dr. J. Ploeger.